Plaaslewe (b)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Aan die lewe op ‘n plaas bekend te stel.
2. Te laat besef dat die boer die eerste skakel in die voedselketting is.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Ten minste 24 uur op 'n plaas deurbring (een nag of meer)
2. Belangstellend luister na ‘n praatjie van die boer oor die volgende onderwerpe:
   - **Klimaat** Wat is die uitwerking van reën, wind, hitte en koue op sy produk? Watter seisoen die plaas reën kry en hoeveel jaarliks.
   - **Arbeid** Van watter tipe arbeiders maak die boer gebruik? Hoe afhanklik is hy van arbeiders en hoeveel arbeiders het hy? Watter tipe opleiding het hulle nodig?
   - **Probleme** Watter tipe probleme hy ondervind? Hoe benadeel dit sy boerdery en wat doen hy om dit te voorkom of oorbrug?
   - **Bemarking** Hoe bemark hy sy produk? Wie is almal betrokke in die proses? Wat verseker dat hy suksesvol bemark?
3. 'n Gereg voorberei met 'n produk van die plaas.
4. Die vereistes van een van die onderstaande boerderye volledig doen.

   a. Wildsplaas:

   Weet:
   - Watter diere op die plaas teenwoordig is.
   - Hoe groot moet die grond wees om die groot 5 op die plaas te kan vestig.
   - Hoeveel water is nodig om die diere te kan aanhou
   - Word daar op die plaas gejag, en hoekom
   - Hoekom die boer die spesifieke diere op sy plaas het.
   - Die dratydperk van die diere
   - Word voorbrand gedoen en wat is die doel daarvan
   - Hoekom word diere onder kwarentyn geplaas.
   - Leef die diere net van die veld of kry hulle aanvullende voer
   - Weet hoekom wildboerdery belangrik en nodig is.

   Doen van die volgende:
   - Stap in die veld
   - Besoek 'n boma/watergat
   - Tel die wild/ of besoek 'n wildsveiling

   b. Skaapplaas (wol of vleis)

   Weet:
   - Met watter soort skape en ras geboer word.
   - Wat is die manlik, vroulik en kleintjie van die diere op die plaas.
   - Wanneer word die skape geskeer en waarmee word hulle geskeer / op watter ouderdom word hulle geslag.
   - Wat is die dratydperk van skape en wanneer lam hulle.
   - Wat is ‘n hamel
   - Hoe word wol geklassifiseer en wie hanteer die wolverkope / waar word die skape geslag.
   - Watter soort parasiete kry skape.
   - Hoeveel skape per hektaar om oorbeweiding te voorkom.
   - Hoe word die skape gemerk.

- Wat is ’n stoetskaap.
- Word daar stoetskape aangehou en wat is die verskil tussen stoetskape en gewone skape.

Doen van die volgende:
- Kyk hoe skape geskeer / geslag word
- Kyk hoe wol geklassifiseer word / vleis bewerk word nadat dit geslag is.
- Vind uit wat word met die wol / vel gedoen.
- Jaag skape in skaapkraal.
- Indien moontlik woon 'n veiling by.

c. Beesplaas (vleis of melk)

Weet:
- Wat die naam van die spesifieke beesras is en weet hoekom word daar met die spesifieke ras geboer.
- Wat is die manlik, vroulik en kleintjie van die diere op die plaas.
- Wat is die verskil tussen voerkraalbeeste en veldbeeste / hoe gereeld word koeie gemelk en waarmee.
- Wat is die doel van die nommers op die beeste se ore.
- Word daar stoetbeeste aangehou en wat is die verskil tussen stoetbeeste en gewone beeste.
- Van twee siektes wat die beeste kan kry.
- Weet hoekom word beeste gedip.
- Hoe lank is ’n bees se dratydperk.
- Op watter ouderdom word ’n kalf gespeen en horings gebrand..
- Hoekom moet beeste gebrandmerk word.
- Hoekom en wanneer word voorbrande gedoen.

Doen van die volgende:
- Ry op ’n sleepwa.
- Besoek 'n slaghuis en maak kennis met ’n paar verskillende vleissnitte / besoek die melkstal en proe die vars melk.
- Indien moontlik besoek ’n veiling.
- Help om voer uit te sit vir die beeste.
- Help om die beeste te brandmerk.
- Help om die beeste aan te jaag.
- Hou ’n miskoekgeveg.

d. Varkplaas:

Weet:
- Met watter varke word geboer en watter ander rasse daar is.
- Wat is die manlik, vroulik en kleintjies op die plaas.
- Watter soort voer eet die varke.
- Wat is die dratydperk van ’n vark.
- Watter soort siektes kry varke.
- Word daar stoetvarke aangehou en wat is die verskil tussen stoetvarke en gewone varke.
- Stel vas watter produkte kry ons van varke.
- Weet wat is ’n speenvark.

Doen van die volgende:
- Ry op 'n sleepwa
- Voer die varke vir die naweek
- Besoek ’n slaghuis/slagpale en maak kennis met die verskillende vleissnitte.
- Probeer ’n speenvark vang.

e. Pluimveeplaas:

Weet:
- Met watter soort pluimvee geboer word.
- Wat is die manlik, vroulik en kleintjie van die diere op die plaas.
- Is die boerdery vir vleis- of eierdoeleindes
- Op watter ouderdom/gewig word die hoenders geslag en hoekom / op watter ouderdom begin die hoender eiers lê, en hoe word eiers geklassifiseer.
- Word daar batteryhoenders aangehou en wat is die verskil tussen batteryhoenders en gewone hoenders.

- Hoekom moet die kuikens onder ligte gehou word.
- Wat is die rede dat die hoender se hokke van die grond af gelig is.
- Van twee siektes by hoenders.
- Wat eet die hoenders.

Doen van die volgende:
- Voer die hoenders die hele naweek
- Besoek 'n hoender battery.
- Maak die hoenderhok skoon.
- Haal eiers uit.
- Vang ’n hoender.
- Slag ’n hoender.

f. Saaiplaas:

Weet:
- Met watter gewas word geboer.
- Watter implemente gebruik word vir die spesifieke gewas.
- Wanneer word die gewas geplant, ge-oes, bemes, gespuit met gifstowwe en hoekom.
- Wanneer word die grond in gereedheid gekry om te plant.
- Watter soort bemesting het die spesifieke grond nodig .
- Van twee siektes wat die gewas kan opdoen en watter gifstowwe kan dit voorkom.
- Weet van twee insekte wat die gewas beskadig.
- Word voorbrand gedoen en wanneer.
- Of daar organies geboer word, indien wel is dit lonend.

Doen van die volgende:
- Ry op 'n sleepwa
- Besoek ’n graansilo.
- Wees teenwoordig tydens planttyd of oestyd.
- Besoek 'n koöperasie spesiaal vir die saaiboerdery.

g. Groenteplaas of Vrugteplaas:

Weet:
- Met watter produk word geboer.
- Watter implemente / toerusting word gebruik vir die aanplant, snoei en oes van die produk
- Wanneer word die produk ge-oes / gesnoei.
- Wanneer en hoe word die grond in gereedheid gekry vir aanplanting.
- Watter bemesting is nodig.
- Van twee insekte wat die produk kan beskadig en watter gifstowwe gebruik kan word.
- Wanneer word saailinge uitgeplant / wat is die doel van inenting van bome.
- Of daar organies / met tonnels / met doekhuise geboer word, indien wel is dit lonend.

Doen van die volgende:
- Ry op ’n sleepwa.
- Besoek ’n kwekery / koöperasie / verwerkingsaanleg / groentetonnel / doekhuis.
- Plant groentesaad in saadlaaie en vind uit hoekom saadlaaie gebruik word / woon demonstrasie van enting van bome by.
- Besoek die stoor waar die produk geberg word.
- Besoek ’n fabriek waar die produk verwerk word.

h. Wingerdplaas:

Weet:
- Waar die meeste wingerdplase geleë is.
- Vasstel hoe nuwe wingerd aangeplant word.
- Weet hoekom moet wingerdstokke gesnoei word.
- Van twee siektes wat wingerde kan opdoen.
- Hoe word wingerde teen die siektes beskerm.
- Weet hoekom word sommige wingerdstokke opgelei en ander nie.

Doen die volgende:
- Ry op ’n sleepwa en besoek die landerye.
- Besoek ’n wynkelder.

- Besoek ’n pakstoor.
- Besoek ’n padstal en identifiseer wynplaasprodukte.

C AANBIEDING

1. Die kursusaanbieder moet besluit watter tipe plaas besoek word.
2. Reël betyds met ‘n boer die datum, tyd en program en verskaf die nodige inligting volgens die spesialisasie se vereistes.